## REDAKSIONEEL

Ons vier die 'mondigwording' van **Scriptura** met 'n uitgawe waarin die twee hoofbydraes sekere van die jongste tendense in die ondersoek van Bybelse materiaal weerspieël. Die studie van Wittenberg oor die konteks van uitsprake oor rykdom en armoede in Spreuke illustreer die groeiende belangstelling in die 'sosiologiese' aspekte van sulke tekste Die artikel van Roberts gee 'n waardevolle oorsig van vier metodologiese benaderings tot die teks van Filemon en lewer 'n bewys van hoe lewendig die belangstelling in hierdie kort Nuwe-Testamentiese brief is.

Soos belowe, plaas ons in hierdie uitgawe die ortografiese riglyne wat in **Scriptura** 20 verskyn het, ook in Engels. Ons wil 'n beroep doen op potensiële bydraers om hierdie riglyne noukeurig na te volg in die voorbereiding van manuskripte vir die tydskrif.

Verdere nuus is dat 'n Sentrum vir Hermeneutiek so pas in die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Stellenbosch gestig is. In die volgende uitgawe word meer besonderhede oor hierdie Sentrum en sy beoogde aktiwiteite berig.

## FROM THE EDITOR

We celebrate the 'coming of age' of **Scriptura** with an issue in which the two main contributions illustrate some of the latest trends in the interpretation of Biblical material. The article of Wittenberg on the contexts of statements concerning poverty and wealth in Proverbs, illustrate the rising interest in the 'sociological' dimension of these texts. The review by Roberts of four methodological approaches to the text of Philemon illustrates the remarkable interest this short letter is still generating among New Testament scholars.

As promised, this issue contains an English version of the orthographical guidelines which appeared in **Scriptura** 20. We would like to urge potential contributors to the journal to follow these guidelines closely when preparing manuscripts.

Further news is that a Centre for Hermeneutics has recently been established in the Department of Biblical Studies at the University of Stellenbosch. In the next issue we will give more details concerning the aims and proposed activities of the Centre.